

# Die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1899<sup>1</sup>

S J Botha<sup>2</sup>

Departement Kerkgeskiedenis

Universiteit van Pretoria

## Abstract

### The Nederduitsch Hervormde Church in 1899

*The question is posed what the situation of the Nederduitsch Hervormde Church was at the eve of the second Anglo-Boer War 1899-1902. To be able to answer this question, attention is focused on certain aspects of the history of the Church during the preceding ten to fifteen years.*

## 1. INLEIDING

Hoe het die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1899, aan die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog, daar uitgesien? Dit is die vraag wat beantwoord moet word. Die beeld wat die Ned Herv Kerk in 1899 van homself gehad en vertoon het, is egter geskep deur die geskiedenis van die Kerk in die voorafgaande jare. Hier sou 'n mens kon onderskei tussen vormende gebeure wat verder in die verlede terug gelê het en gebeure wat miskien een of hoogstens twee dekades voor 1899 lê. Daar kan min twyfel wees dat die Ned Herv Kerk homself gesien het as kerk wat histories en regmatig minstens teruggevoer kon word tot by die kerkhervorming in sy Calvinistiese gestalte. Verder het die Kerk steeds baie sterk daaraan vasgehou dat hy kerk was wat saam met die Voortrekkervadere die binneland van Suid-Afrika ingetrek het om daar 'n belangrike rol te speel om die

---

1 Hierdie artikel word opgedra aan kollega en vriend prof G M M Pelsler, by die aanvaarding van emeritaat.

2 Lesing gehou by die kongres van die Kerkhistoriese genootskap van die Ned Herv Kerk op Donderdag 11 November 1999.

Afrikanervolk 'n Christenvolk te help hou en mee te help om die Afrikanerstaat wat opgerig is, op Bybelse norme gevestig te kry.

Aan die ander kant het die Ned Herv Kerk se beeld in 1899 ook die tekens vertoon wat gebeur in sy geskiedenis van die voorafgaande dekade en 'n half op hom gelaat het. Die Kerk het hom teen 1899 nog nie heeltemal ontworstel aan die gevolge van die mislukte kerkvereniging van 1885 nie. Hoewel daar reeds veertien jaar verloop het sedert die poging tot kerkvereniging tussen die Ned Herv en Ned Geref kerke op 'n mislukking uitgeloop het, is die gevolge in 1899 en selfs nog dekades later, pynlik in die Nederduitsch Hervormde Kerk gevoel. Terselfdertyd vertoon die Kerk in 1899 tog ook baie sterk die beeld van 'n dinamiese en groeiende organisme vol geloofsmoed, wat ondanks die probleme en terugslae wat ondervind is, nie alleen weer vêr op die pad na herstel was nie, maar ook besig was om sterk te groei. Al was die beeld van die Kerk tipies dié van die *ecclesia militans*, het die Kerk tog die geloof vertoon wat in die *ecclesia triumphans* eindig.

## **2. DIE GEVOLGE VAN DIE MISLUKTE KERKVERENIGING**

Veral drie terreine kan in die verband ter sprake gebring word:

### **2.1 Die stryd om die kerklike eiendomme**

Met die kerkvereniging het talle van die eiendomme van die Ned Herv Kerk, soos kerkgeboue, pastorië, kerklike argiewe ensovoorts, in die hande van die nuwe verenigde kerk gekom. Lidmate van die Ned Herv Kerk, wat nie verenig het nie, het egter volkome tereg die standpunt gehuldig dat hulle die regmatige eienaars was van eiendomme wat op naam van daardie bepaalde gemeente geregistreer was. Die probleem vir hulle was hoe om weer die gebruiksreg en besitreg van hulle eiendomme terug te kry. Aanvanklik was hulle strewende, onder invloed en leiding van ds Goddefroy, om: " ... voor God en de menschen te toonen, oprecht wenschen het vuur te blusschen, dat men reeds hier en daar heeft zien uitslaan en wat recht en billijk is, gelyk Christenen betaamt, langs de meest vrijgevegen weg te verkrijgen" (Notule AKV 1888:60).

Goddefroy se standpunt was dat die terugkry van die eiendomme op 'n Christelike en kalme wyse moet geskied omdat " ... de kwestien van bezit en eigendom in een

Christelike kerk eerst in de tweede of derde plaats in aanmerking ...” kom. Daarom moes hofprosesse die allerlaaste gebruik word om die eiendomme terug te kry. Toe ’n “skikking langs den minnelijke weg” nie met die verenigde kerk oor die eiendomme bereik kon word nie, en die skikkingspogings van president Paul Kruger in 1891 ook misluk het, was dit duidelik dat ’n beroep op die regbank al was wat vir die Ned Herv Kerk in die saak oorgebly het. Die bekende Trichardtsfonteinkerksaak het, as toetszaak, vir die Ned Herv Kerk ’n uitspraak van beslissende betekenis opgelewer (Botha 1961:1-18). Die hof het bevind dat, gesien die feit dat die kerk ’n *universitas* of sedelike liggaam is, dit alleen met die toestemming van al die lede opgehef kon word. Die Algemene Kerkvergaderings van die twee kerke het dus buite hulle bevoegdhede gehandel om die twee kerke op te hef en in ’n nuwe kerkgenootskap in te lei. Ook het hulle nie die bevoegdhede gehad om die kerklike eiendomme, sonder toestemming van al die lidmate, aan iemand anders oor te maak nie. Die kerkvereniging en die oordra van eiendomme was dus *ultra vires*. Dit het ook ingehou dat diegene wat nie verenig het nie, hoe gering hulle getal ookal was, wettige voortsetting van die Ned Herv gemeentes was en dus eienaars van die kerklike eiendomme van die bepaalde gemeente.

Die hofuitspraak het wel meegebring dat in die meeste gevalle daarna buite die hof tot skikkings gekom is. Die uitsondering was Rustenburg waar die gemeente van die verenigde kerk nie wou skik nie en die Ned Herv Gemeente ook tot ’n hofproses gedwing is. Ook daar was die uitspraak op 13 April 1895 ten gunste van die Ned Herv Gemeente (Pretorius 1986:528-537). Dit het verdere bereidheid tot skikking by gemeentes van die verenigde kerk aangemoedig, hoewel dit soms uiters traag daaraan toegegaan het. Dit was die geval in die gemeentes Wakkerstroom, Waterberg en Pretoria. In Waterberg is nog tot in 1898 oor skikkingsvoorwaardes onderhandel terwyl in Wakkerstroom die verdragingsstaktiek daartoe gelei het dat die skikking eers in 1907 afgehandel kon word (Pretorius 1986:560-561, 554-559).

In Pretoria het ’n redelik gekompliseerde situasie ontstaan omdat daar drie gemeentes was wat op die kerklike eiendomme, waaronder die statige kerkgebou op Kerkplein, aanspraak gemaak het (Pretorius 1986:552-554). Eerstens was daar die Ned Herv Gemeente der Zuid-Afrikaansche Republiek, district Pretoria, met ds M J Goddefroy as predikant. Dit was natuurlik die oorspronklike konsulentsgemeente van

Pretoria, dikwels die gemeente Witfontein genoem, wat in geheel buite die vereniging gebly het. Tweedens was dit die gemeente van die verenigde kerk met ds H S Bosman as predikant, wat saamgestel is uit lidmate van die oorspronklike Ned Herv Gemeente Pretoria, wat saam met ds Bosman verenig het met die Nederduits Gereformeerde Gemeente Pienaarsrivier. Derdens was daar die Ned Herv Gemeente onder kosulentskap van ds C W du Toit van Potchefstroom, wat bestaan het uit lidmate van die oorspronklike Ned Herv Gemeente Pretoria, wat wel verenig het, maar later onder leiding van die Prokurasiekommissie uit die verenigde kerk getree het, om weer as Ned Herv Gemeente te konstitueer (Pretorius 1986:553).

Word die twee hofuitsprake sorgvuldig nagegaan is dit duidelik dat nie een van die drie gemeentes 'n sterk saak op eiendomsreg van die betrokke eiendomme gehad het nie. Nóg die verenigde gemeente van ds Bosman nóg die Prokurasiekommissie gemeente het hoegenaamd enige seggenskap gehad. Die Ned Herv Gemeente van ds Goddefroy het moontlik die sterkste aanspraak gehad vir sover daar by die gemeente 'n aantal lidmate van die oorspronklike Ned Herv Gemeente wat nie verenig het nie, aangesluit het. Die vraag kom egter na vore of daardie lidmate, deur aansluiting by 'n ander gemeente, al was dit ook van dieselfde kerk, nie hulle aanspraak op die eiendomme verbeur het nie. Oor die vraag is daar egter nooit 'n hofuitspraak gevra nie, omdat aldie die partye gewillig was tot 'n skikking buite die hof. Of enige van die partye self hierdie probleem raakgesien het en juis daarom tot 'n vreedsame skikking bereid was, kon nie vasgestel word nie. Die vermoede bestaan dat dit eerder politieke oorwegings was wat 'n hofsak voorkom het (Engelbrecht 1955:92). Dit het egter tog nie beteken dat die saak spoedig afgehandel is nie. Dit sou nog tot in Julie 1899 duur voordat die saak gefinaliseer sou word. Ongelukkig het onenigheid in Hervormde geledere self grootliks tot die vertraging bygedra, terwyl dit die verenigde gemeente, wat steeds gebruiksreg behou het, goed te pas gekom het (Botha 1981:140-146).

Die voortslepende eiendomskwessies het die Ned Herv Kerk nie alleen baie geld uit die sak gejaag ten opsigte van regsadvies en hofkoste nie, maar het by baie gemeentes vir jare lank groot ongerief en onsekerheid oor hulle eiendomme veroorsaak.

## 2.2 Spanning in eie geleedere

Die mislukte kerkvereniging het teenstellende gedagterigtings in die Ned Herv Kerk aan die lig laat kom, wat nogal heelwat spanning meegebring het (Botha 1981:124-131). Die verskille het veral na vore gekom toe gehandel moes word oor die beroep van predikante en daarmee die verbandhoudende saak van die opleiding van predikante. Die verskille het nie gegaan oor teologiese rigtings of modaliteite wat in verenigings georganiseerd teenoor mekaar gestaan het nie. Dit het meer verband gehou met die nasionaal-politiek-kulturele vraagstukke van die land en die posisie van die Ned Herv Kerk in daardie verband. Tog is dit merkwaardig dat, breedweg gesproke, die opponerende gedagterigtings onderskeidelik verbind was aan persone uit diene wat nie met die kerkvereniging meegegaan het nie enersyds, en andersyds met persone uit die Prokurasiegroep, dit wil sê persone wat wel verenig het maar later onder leiding van die Prokurasiekommissie na die Ned Herv Kerk teruggekeer het.

Dat daar tussen die twee groepe spanning was, kan goed begryp word as in gedagte gehou word dat hulle van die begin af totaal verskillend oor die saak van kerkvereniging gedink het. Diene wat nie verenig het nie, het dit van die begin af baie duidelik gestel dat hulle die Ned Herv Kerk wou handhaaf. Daarmee het hulle by implikasie geweier dat die Ned Herv Kerk opgehef word. Dit is wel waar dat hulle aanvanklik allerlei besware geopper het, veral teen die prosedure wat gevolg is, sonder dat hulle 'n duidelike besef gehad het watter kerkregtelike sake op die spel was. Ds Goddefroy het die probleem dadelik raakgesien en dit op die Algemene Kerkvergadering van 1888 soos volg duidelik onder woorde gebring: "De Voorzitter ... spreekte als zijn gevoelens uit dat de vroegere Kerkeraden der Ned Herv Kerk verkeerd hebben gehandeld, door pogingen aan te wenden tot opheffing der Ned herv Kerk, zij zijn buiten hunne bevoegdheden gegaan ... (Notule AKV 1888:6)".

Goddefroy het nou die argument dat die hele kerkvereniging *ultra vires* was na vore gebring as dié ter sake argument. Van daaruit het hy dit ook duidelik raakgesien dat diene wat die Ned Herv Kerk gehandhaaf het, histories en regmatig voortsetting was van die Ned Herv Kerk. Daarteenoor het diene wat wel verenig het, opgehou om lidmate van die Ned Herv Kerk te wees. Daarom was dit sy oortuiging dat dit baie

duidelik en uitdruklik aan hulle gesê moes word. Met die oog daarop het hy die volgende ter oorweging aan die Algemene Kerkvergadering voorgelê: “Een kennisgeving aan sommige predikanten, ouderlingen en diakenen, dat zij door hunne overgang naar de Ned Herv of Geref Kerk, feitelijk hebben opgehouden leden der Ned Herv Kerk te zijn”. (Notule AKV 1888:8.)

Om sy argument verder te onderbou het Goddefroy verwys na artikel 3 van die Kerkwet van 1869 waar ondermeer bepaal is: “ ... dat iemand lid blijft van de Ned Herv Kerk, zoolang hij niet door woord of daad ten duideljkste toont zich van haar af te scheiden.” Na sorgvuldige oorweging het die vergadering hierdie gedagtegang eenparig onderskryf en dit in die volgende breëre besluit bekragtig:

De Algemene Kerkvergadering der Ned Herv Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek: Lettende op den treurige toestand, waarin de Ned Herv Gemeenten, in die verschillende districten verkeren;

In aanmerking nemende dat verschillende dienstdoende Predikanten en Kerkeradsleden der Ned Herv Kerk zich tot een andere Kerkgenootschap, met name de 'ned Herv of Geref' hebben vereenigd, onder een nuwe wet door dat kerkgenootschap self vastgesteld;

Overtuigd dat de Ned Herv Kerk met zoodanig een nieuwe wet nimmer genoeg kan nemen, aangesien daarin hare vrijheidsbeginselen worden aangetast;

Lettende op de art 3 (Algemene Bepalingen) der Wetten en Reglementen van de Ned Herv Kerk, vastgesteld te Heidelberg den 29sten November 1869 en volgende dagen, waarbij verklaard wordt: dat iemand lid blijft van de Ned Herv Kerk, zoolang hij niet door woord of daad ten duideljkste toont zich van haar af te scheiden;

Lettende op art 6 van datzelfde hoofdstuk (alg bep) waarbij als hoofdoel van allen, die met enig bestuur in de Ned Herv Kerk belast zijn, in de eerste plaats worden aangewezen de zorg voor de belangen der Ned Herv Kerk;

Lettende op art 9 hoofdstuk II, waarbij de ambsplichten van de leden des kerkerads duideljk zijn omschreven en waaraan derhalve ieder Kerkeradslid geroepen is zich te houden;

Overwegende dat onder andere de Kerkeeraadsleden van de Ned Herv Gemeenten Pretoria, Potchefstroom, Heidelberg, Wakkerstroom, Middelburg, Rustenburg en Standerton die als zoodanig zitting hadden in 1886, volgens de notulen der Algemene Kerkvergadering der Ned Herv of Geref Kerk, gehouden op Maandag 10 Mei 1886 en volgende dagen, als leden van voormelde Kerk hebben zitting genomen in die vergadering en alzoo door woord en daad hebben bewezen zich van de Ned Herv Kerk af te scheidn;

Overwegende dat eveneens de predikanten H S Bosman van Pretoria, C W du Toit van Potchefstroom en D P Ackerman van Wakkerstroom, sich door woord en daad hebben losgemaakt van hunne betrekking tot de Ned Herv Kerk, aangezien zij door de onderteekening van een nieuwe formulier, opgesteld door de Ned Herv of Geref Kerk, hunne vroegere onderteekening als predikanten behoorende tot de Ned Herv kerk te niet gedaan;

Besluit: hoewel met diep leedwezen, door plichtsbef gedrongen, te verklaren dat de volgende personen hebben opgehouden te zijn dienstdoende Predikanten in de Ned Herv Kerk der Z A Republiek nl de H H: H S Bosman, C W du Toit en D P Ackerman ....

(Hierby is dan ook nog gevoeg die name van 'n hele aantal vroeëre kerkraadslede van die genoemde gemeentes)

... kennis te geven : dat zij opgehouden te zijn lidmaten der Ned Herv Kerk in de Z A Republiek, met verliez van alle rechten en voorrechten aan dat lmaatschap verbonden.

(Notule AKV 1888:28)

Dit is terloops baie interessant om daarop te let dat in hierdie besluit die name van 'n aantal kerkraadslede en een predikant, tewete ds N J van Warmelo, nie genoem is nie. Toe hy daarna gevra is het Goddefroy geantwoord:

De Voorsitter licht nader toe dat niet al de personen, welke op de Vergadering van 10 Mei 1886 (AKV van de N H of G Kerk) teenwoordig waren sich van die Ned Herv Kerk hebben afgescheiden, daar sommige later door woord of daad, of door woord en daad te kennen gaven toch tot de Ned Herv Kerk te

willen blijven behooren; dat de vergadering rechtvaardig moet handelen om teenover God, ons geweten en de Kerk verantwoord te zijn; dat bovendien zoo min mogelijk personen van de kerk achten worden losgemaakt, en daarom alleen diegene zijn genoemd, die hebben volhard bij hunne afscheiden

(Notule AKV 1888:28)

In besonder het Goddefroy ook nog na ds Van Warmelo van Heidelberg verwys, egter sonder om sy naam te noem: "Slechts een der Predikanten werd niet genoemd omdat deze leeraar, zowel voor als na de oprichting der nieuwe kerk heeft bewezen in zijn hart altijd nog Ned Herv te zijn, en niet in een andere betrekking tot het volk willen staan" (Notule AKV 1888:29).

Wat baie duidelik is, is dat diegene wat wel verenig het beskou is as persone wat die Ned Herv Kerk verlaat het om by 'n ander nuwe kerk aan te sluit en daarom is hulle ook as *afspeikers* en *kerkskeurders* beskou. Dit het by die handhawers van die Ned Herv Kerk baie ernstige bedenkinge laat ontstaan oor die lojaliteit en trou van hierdie persone teenoor die Ned Herv Kerk. Selfs nie die feit dat baie van hulle onder die Prokasiëkommissie uit die verenigde kerk uitgetree en uitdruklik verklaar het dat hulle nog altyd Hervormd was, het die bedenkinge heeltemaal weggeneem nie. Die redenasie was: as hulle eenkeer die Ned Herv Kerk vir 'n ander Kerk kon verlaat, sou hulle dit maklik weer kon doen.

Veral diegene wat onder die Prokurasiekommissie uit die verenigde kerk uitgetree het, het hierdie besluit van die Ned Herv Kerk as uiters kwetsend beskou. A D W Wolmarans, wat die stukrag in die Prokurasiekommissie was het dit as "nie geregtvaardigde aanmatiging" afgemaak (Wolmarans sj:68). Hulle het naamlik die siening gehuldig dat die kerkvereniging 'n voorlopige saak was en dat hulle steeds as lidmate van die Ned Herv Kerk by 'n voorlopige vereniging betrokke was. Hulle was oortuig daarvan dat hulle steeds lidmate van die Ned Herv Kerk was en dat diegene wat nie met hulle meegegaan het nie inderdaad "kerkverlaters" was omdat hulle nie die besluit van die Algemene Kerkvergadering om wel te verenig uitgevoer het nie (Wolmarans s a:9-22)!



Hierdie spanninge is verder verhoog en vererger deur die bekuldiging van liberalisme wat deur ds H S Bosman teen ds Goddefroy in sy skrywes in *De Volkstem* die wêreld ingestuur het. Die saak is tot 'n groot mate beredder deur Goddefroy se antwoorde aan Bosman in sy boekie *De Kerkkwestie – niet en leer – maar een levenskwestie* en tydens die onderhandelinge tot eenwording tussen die Ned Herv Kerk en die vier Prokasiëkommissiegemeentes in 1894.

Veral in die gemeentes Pretoria en Potchefstroom het die oor-en-weer wantroue tussen die twee groepe bly voortbetsaan en het dit die ineensmelting van die gemeentes bemoeilik en vertraag (Botha 1995:1150-1168).

In Pretoria het dit daartoe gelei dat die ineensmelting tussen die Ned Herv Gemeente en die Prokurasiegemeente vir tien jaar uitgebly het. Aanvanklik is die vertraging rondom die afhandeling van die eiendomskwessie te Pretoria aangevoer as rede vir die vertraging om ineen te smelt. Gaandeweg het dit duidelik geword dat daar 'n dieperliggende oorsaak voor was. Die Prokurasiegemeente het blykbaar om een of ander rede 'n weersin in ds Goddefroy gehad. Soos te begryppe het Goddefroy, toe hy hiervan bewus geword het, van sy kant ook nie entoesiasies oor eenwording gereageer nie. Trouens hoe langer die ineensmelting gesloer het, hoe meer het die konflikte toegeneem en hoe moeiliker het dit geword om eenheid te bewerk (Wolmarans s a:60-82). Dit het ook geblyk dat 'n stroewe verhouding tussen die persone van ds Goddefroy en sy gemeente aan die een kant en Wolmarans en die Prokurasiegemeente andersyds, van tyd tot tyd, deur onverstandige of dalk doelbewuste moedswillige optrede vererger is. So het Wolmarans in 1897-8 gepoog om ds C Spoelstra, wat pas tevore in 'n hewige botsing met Goddefroy betrokke was, in die Prokurasiegemeente beroep te kry. Dit was allermins optrede wat eenheid tussen die twee groepe kon bevorder (Botha 1981:140-146).

Ook in die gemeente Potchefstroom was daar spanning tussen die Prokurasiegemeente onder ds CW du Toit en die Nederduitsch Hervormde Gemeente Venterskroon. Die gemeente Venterskroon het in 1887 tot stand gekom toe lidmate van die gemeente Potchefstroom, wat in die omgewing van Venterskroon gewoon het, geweier het om saam met ds C W du Toit en sy gemeente te verenig. Hulle het in 1887 besluit om hulleself in 'n afsonderlike gemeente te organiseer. Hoewel Venterskroon binne die landdrostdistrik Potchefstroom geval het en daar nog sterk gewerk is met die tradisie dat gemeentegrense

en distriksgrense saamgeval het, het die gemeente Venterskroon van die begin af slegs 'n gedeelte van die distrik Potchefstroom omvat. Hoewel die gedagte was dat Venterskroon weer met Potchefstroom moes saamsmelt, het Venterskroon uitdruklik verklaar dat hy nie begerig was om met Potchefstroom saam te smelt nie. In 1899 het die AKV daarom besluit om van die saak af te stap en het die gemeente sy selfstandigheid behou (Notule AKV 1899:11).

Teen 1898/9 het die spanning tussen die twee gedagterigtings 'n redelike vurige debat op die Algemene Kerkvergadering tot gevolg gehad, toe die beroep van meerdere predikante en die opleiding van predikante ter sprake gekom het.

Dit het reeds in 1888 geblyk dat Goddefroy, soos ouderling C J J Joubert en waarskynlik juis onder sy invloed, die standpunt gehandhaaf het dat die Ned Herv Kerk, om sy invloed op die staatkundig-kulturele terrein te kon laat geld, predikante uit Nederland moes kry. Daarom het hulle met die Algemene Kerkvergadering van 1888 gepoog om die bestaande Kerkwet so te wysig dat slegs predikante uit Nederland in die Ned Herv Kerk beroep sou kon word. Hulle wou veral voorkom dat die vroeëre praktyk om proponente uit Stellenbosch te beroep, weer sou herleef. Goddefroy het dit onomwonde gestel dat die plan tot kerkvereniging en dus die vernietiging van die Ned Herv Kerk, uit daardie oord beplan is. Om hierteen wal te gooi moes Nederlandse predikante beroep word. Goddefroy was nie teen die opleiding van eie seuns van die Ned Herv Kerk as predikante nie, maar dan moes dit ook in Nederland geskied. Op die wyse sou hulle geskool kon word in die Nederlandse taal, kultuur en sedes (Botha 1981:80-82).

Teenoor die Goddefroy-rigting, het die ander rigting, met ds C W du Toit as vernaamste woordvoerder, na die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke gekyk om die predikantenood in die Ned Herv Kerk te verlig. Miskien sou hulle beskryf kon word as die Koloniale-Afrikaner element in die Ned Herv Kerk. Ouderling G W Klerk van Potchefstroom en aanvanklik ook ouderling A D W Wolmarans, het ds Du Toit sterk gesteun. Goddefroy het in hulle gedagterigting groot gevaar gesien vir die voortbestaan van die Ned Herv Kerk ook as bolwerk van die republikeinse Afrikaner. Daarom het hy uit sy gemeentes Witfontein en Standerton beskrywingspunte, na die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van Maart 1898, en voortgesit in Januarie 1899 laat gaan. Uit Standerton was die beskrywingspunt:

... de Algemene Vergadering spreke eens voor goed uit welke zin gehecht moet worden aan Art 1, Hoofstuk IV van de Kerkelijke Wetten en Bepalingen en tevens, of in de omstandigheden, waarin de Ned Herv Kerk zich bevindt niet noodsaaklik is, dat geen predikant van eenig ander kerkgenootschap op de kansel tot den dienst in eenige gemeente worden toegelaten, tensij deze aan eene universiteit zijne studiën heeft voleindigd en ten genoegte van den betrokken kerkeraad de formule van legitimatie (Hoofdstuk 1, art 41) heeft onderteekend”

(Notule AKV 1898:39)

Dit is duidelik dat die Goddefroy-rioting die moontlikheid tot 'n wye beroepskeuse, waartoe die Kerkwet van 1869 wel toelating gegee het, wat deur die Du Toit-mense gebruik kon word om predikante uit die Ned Geref kringe te beroep, totaal wou afsny. Die beskrywingspunt was veral daarop gemik om diegene wat aan die kweekskool van Stellenbosch opgelei was uit te skakel. Daar het immers al gerugte die ronde begin doen dat in Wes-Transvaal waar ds C W du Toit se invloed baie sterk was predikante uit Ned Geref geleedere beroep sou word. Aangesien dit duidelik was dat die beskrywingspunt nie genoegsaam op die Algemene Kerkvergadering van 1898 bespreek sou kon word nie, het Goddefroy 'n voorstel ingedien as tussentydse maatreël met die strekking dat die Du Toit-groep verhoed sou word om voort te gaan met hulle planne om predikante uit die Ned Geref kerk te beroep (Notule AKV 1898:40). Uit sy motivering van sy voorstel was dit duidelik dat Goddefroy steeds die vrees gekoester het dat predikante uit die Ned Geref Kerk weer 'n ongewensde kerkvereniging sou probeer bewerk (Notule AKV 1898:40, 42). Skotte en Kapenaars sou volgens hom vreemd staan teenoor die ideale van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Goddefroy se standpunt laat blyk dat hy hom sterk met die Voortrekkerideaal identifiseer het en daarom ook met die beleid van president Kruger wat ook voortdurend Nederlanders na die Zuid-Afrikaansake Republiek probeer lok het om op die wyse die republikeinse ideaal van die Transvaalse Afrikaner te versterk.

Op Goddefroy se voorstel en motivering was Du Toit se reaksie heftig:

... dat hij een slag in het gezicht kreeg, toen hij dit voorstel hoorde. Ik ben onder die Ned Herv Kerk in de Kaapkolonie gedoopt, maar in de Ned Ger Kerk lidmaat geworden .... Ik zal tegen het voorstel van den voorsitter stemmen, want wij zullen onze kerk zeer benadelen, omdat nieuwe inkomelingen, die zich anders bij ons zouden aansluiten, zich nu van ons zullen afwenden.

... omdat het eene belediging is voor andere kerken, want onze voorouders hebben uit alle nationaliteiten beroepen, zooals Hollanders, Schotten, Ieren, Engelschen... Wij moeten predikanten uit Holland hebben maar ook uit Afrika. Wij moeten niet van die Ned Herv of Ger spreken alsof zij Roomsch is, zij staat met ons op een en dezelfde bodem van belijdenis.

(Notule AKV 1898: 40, 42)

Dit is begryplik dat Du Toit as voormalige Stellenbosser en Kapenaar Goddefroy se voorstel geïnterpreteer het as teen hom persoonlik gerig. Dit is ook duidelik dat, hoewel hy nie teen die beroep van predikante uit Nederland was nie, die klem vir hom gelê het op predikante uit die Kaap, terwyl hy ook nie beswaar gehad het teen Skotte of Engelse as sodanig nie.

Op hierdie stadium het 'n derde gedagterigting, min of meer tussen die twee genoemde rigtings, na vore gekom. Die woordvoerder was ds J van Belkum. Hy wou hê dat die beskrywingspunt uit Standerton, rustiger en deegliker bespreek sou word en daarom het hy ook voorgestel dat dit sou oorstaan tot die volgende Algemene Kerkvergadering, maar dan sonder die kwalifikasies wat Goddefroy wou hê. Van Belkum se motivering was onder andere:

... dat hij het eens zijn met het beginsel, dat alleen predikanten in eene kerk kunnen dienen, die lidmaten dien kerk zijn van jongsaf aan. Elke kerk heeft hare eigenaardigheden, die men het best leer kennen als men daarin is opgegroeid. Wijlen ds Van der Hoff is in 1852 beroepen als predikent, zonder verband met enige ander Synode. Niet alleen uit een kerkrechtelijk beginsel, ook uit dogmatisch oogpunt moet hij aan deze regel vasthouden. Ik voel mij het best te huis in de NHK om haar Calvinistisch beginsel en ik zou niet gaarne zien dat een predikant beroepen wordt uit eene andere kerk, waar dit

beginsel wel in woord, maar niet inderdaad wordt gehandhaafd. Ik spreek niet van nationaliteiten, omdat in een jongen Staat als de onze noodzakelijk allerlei nationaliteiten zich noch moeten vormen tot ééne. Ik ben genaturaliseerd burger, maar zoekt toch het beste voor land en kerk.

Het word tijd dat onze eigene kinderen tot predikanten worden opgeleid; dan vervallen allen moeilikheden van zelf

(Notulen AKV 1898:41)

Met die samekoms van die verdaagde Buitengewone Algemene Kerkvergadering van 1898 op 10 Januarie 1899, het dit geblyk dat al drie gedagterigtings hulle posisies probeer verstewig het. Die Goddefroygroep het, behalwe die reeds genoemde beskrywingspunt uit Standerton nog twee verdere beskrywingspunte vanuit Witfontein aan die vergadering voorgelê met die strekking dat slegs persone tot predikant in die Ned Herv Kerk toegelaat sou word wat “van kindsbeen af tot den Ned Herv heeft behoort“ of “dat hij minstens twee agtereenvolgende jaren lidmaat der Ned Herv Kerk is geweest” (Notulen AKV 1899:2, 3).

Ook die groep wat die Du Toit-gedagterigting toegedaan was, het nie stilgesit nie en hulle het van die opening wat in die geldende Kerkwet bestaan het, gebruik gemaak om predikante uit die Ned Geref Kerk beroep te kry, en nie sonder sukses nie. Dit het naamlik net voor die begin van die Algemene Kerkvergadering van 1899 bekend geword dat ds A Murray van Jacobsdal (OVS) die beroep na die Ned Hervormde Gemeente Ventersdorp aangeneem het.

Van Belkum wat tussen die twee groepe stelling ingeneem het, het weer 'n stoot probeer gee aan die totstandkoming van 'n eie opleiding, wat hy tereg as die oplossing van die probleem gesien het. Daarom het vanuit sy gemeente Rustenburg die volgende beskrywingspunt voor die Algemene Kerkvergadering gedi: “De Kerkeraad verzoekt de Algemene Vergadering stappen te nemen tot het oprichten van eene school tot opleiding van predikanten voor de Ned Herv Kerk in de Z A Republiek” (Notule AKV 1899:13).

In die debat wat in die vergadering gevoer is, is daar nie wesenlik nuwe argumente na vore gebring nie. Goddefroy en sy ondersteuners wou die “Hollandsch-Afrikaansche” karakter van die Ned Herv Kerk bly handhaaf, terwyl die Du Toit-rigting die oortuiging toegedaan was dat hulle die Afrikaner se saak moes bevorder deur Afrikaners uit die Ned Geref Kerk-familie te beroep.

Van Belkum was van oordeel dat die beskrywingspunte uit Standerton en Witfontein ontydig was en wou die bestaande artikel in die Kerkwet onveranderd behou. Tog het hy 'n voorstel van ouderling F G Joubert van Ermelo ondersteun wat ingehou het dat 'n predikant “... zich vooraf(moet) onderwerpen aan de bovengemelde legitimatie, aan een schriftelijke belofte van getrouweheid aan de regering dezer Republiek en aan een zogenaamd colloquium doctum ...” (Notule AKV 1899:4).

Terwyl die Du Toit-groep die voorstel van Joubert-Van Belkum verwerp het, het die Goddefroy-groep hulle stem daaraan gegee omdat dit wesenlik dieselfde as hulle op die oog gehad het. Die bepaling daarin ten opsigte van *legitimasie* en *naturalisasie* het aan hulle die binding gegee wat hulle tussen predikant en kerk en volk wou hê. Die voorstel is deur die AKV met 56 teen 32 stemme aanvaar.

Wat uit hierdie hele debat na vore gekom het, was dat daar 'n duidelike streep getrek is tussen die Goddefroy-gedagterigting en die Du Toit-gedagterigting. Dit het nie bygedra tot 'n nader beweeg van die Prokurasiegemeente in Pretoria en die Ned Herv Gemeente nie. Die reeds bestaande gespanne verhouding tussen Goddefroy en Wolmarans is op hierdie vergadering tot so 'n mate vererger dat dit duidelik was dat van eenwording tussen die twee gemeentes vir geruime tyd steeds geen sprake sou wees nie.

Verder het Van Belkum, met sy minder hoekige houding en uitspraak, wel daarin geslaag om Du Toit en Wolmarans se vertrou te wen. Dit het weer meegebring dat die reeds bestaande spanning tussen Goddefroy en Van Belkum verhoog en vererger het. Die oorlog sou voorlopig 'n einde bring aan die botsings, maar na die oorlog het dit veral vir Goddefroy tragiese gevolge gehad (Botha 1981:153-162).

### **2.3 Die verhouding met die Ned Herv of Geref Kerk.**

As die verhouding tussen die Ned Herv Kerk en die NG Kerk voor die kerkvereniging sodanig was dat dit 'n suksesvolle vereniging baie onwaarskynlik gemaak het, dan was

die verhouding tussen die Ned Herv Kerk en die verenigde kerk na die poging tot kerkvereniging alles behalwe hartlik. Die Ned Herv Kerk se houding was van die begin af om die Ned Herv Kerk te handhaaf en die goeie reg van bestaan van die Ned Herv Kerk te verdedig, terwyl terselfdertyd die broederhand na die ander kerke, veral ook die verenigde kerk, uitgesteek is (Notule AKV 1888:86-98).

Op die Algemene Kerkvergadering van 1893 is die volgende besluit geneem oor die verhouding wat tussen kerke behoort te bestaan:

Tusschen kerkgenootschappen en Kerknootschappen is die verhouding uitgedruk in de Nederlandsche Geloofsbelijdenis art 29a.

Wij gelooven dat men wel naastiglijk en met goede voorzigtigheid uit het Woord van God behoort te onderscheiden, welke de ware Kerk zijn; aangezien dat alle zekten die hedendaags in de wereld zijn zich met de naam der kerk bedekken. Wij spreken hier niet van de gezelschap der geveinsden, welke in de Kerk onder de goede vermengd zijn, hoewel zij naar het lichaam onder dezelfde zijn, maar wij zeggen, dat men het lichaam en de gemeenschap der ware Kerk onderscheiden van alle zekten, welke zeggen dat zij de Kerk zijn. De merkteken om de ware Kerk te kennen zijn deze, zoo de Kerk de reine prediking des Evangelies oefent. Zoo zij gebruikt de reine bediening der Sacramenten, gelijk Christus dezelve ingesteld heeft; zoo de kerkelijke tucht gebruikt wordt om de zonden te straffen.

Kortelijk, zoo men zich aanstelt naar de zuivere Woord van God, verwerpende alle dingen die daartegen zijn, houdende Christus voor het eenige hoofd.

Tegenover alle kerken, die deze merktekenen van de ware Kerk dragen staat de Ned Herv Kerk, zinds de aanleg van de Zuid-Afrikaansche Republiek in broederlijke betrekking zooals nader omschreven in de wetten en bepalingen der Ned Herv Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek en erkent deze derhalve als zuster Kerken met welke wij gemeenschap des Geloofs, der gebed en der liefde kunnen oefenen.

Waar eenige kloven mocht bestaan, wensch deze Vergadering van harte mede te werken om een gouden brug der liefde daarover heen te leggen. Ook in deze houdt zich deze Vergadering aan het beginsel neergelegd in art 84 van de Dordtse Kerkenordening: Geen kerk zal over andere kerken, geen dienaar

over andere dienaren, en geen ouderling of diaken over andere ouderlingen of diaken eenige heerschappij voeren.

(Notule AKV 1894:60-62)

Met die aanneem van hierdie besluit het die Ned Herv Kerk 'n verantwoorde standpunt oor sy verhouding met die ander twee kerke in die ZAR gehad en ook behoorlike riglyne vir optrede teenoor hulle. Binne die Ned Herv Kerk was daar nie twyfel dat die ander twee kerke die merktekens van die ware kerk gedra het nie en veral Goddefroy het dit nie verdra dat verkleinerend na die ander twee kerke verwys word nie (Goddefroy 1890: 59).

Aanvanklik was die verenigde kerk totaal afwysend teenoor die Ned Herv Kerk en is gewoonlik na die Kerk verwys as “afgeskeie” kerk, met die uitdruklike veronderstelling dat die Kerk geen reg van bestaan gehad het nie. Die gebeure rondom die eiendomskwessie het die gespanne verhouding uiteraard vererger. Aanvanklik het die verenigde kerk alle uitnodigings van die kant van die Ned Herv Kerk, soos byvoorbeeld om die opening van die Algemene Kerkvergadering by te woon, van die hand gewys. Selfs toe het dit tog by geleentheid gebeur dat lidmate en selfs predikante van die verenigde kerk openingsgeleenthede van die Algemene Kerkvergadering van die Ned Herv Kerk bygewoon het. As voorbeelde kan verwys word na ouderling H J Visser van Potchefstroom en ds P W Ennis van Ermelo wat die opening van die Algemene Kerkvergadering van 1893 bygewoon het. Later het ouderling Visser saam met die Prokurasiekommissie by die Ned Herv Kerk aangesluit, terwyl ds Ennis in 1905 'n beroep na die Ned Herv Gemeente Klerksdorp aangeneem het waar hy tot met sy emeritaat in 1928 gebly het.

Op 5 Maart 1895 het ds C W du Toit, toe skriba van die Algemene Kerkvergadering van die Ned Herv Kerk, ter uitvoering van 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering van 1894, 'n brief aan die verenigde kerk geskryf met die versoek “ ... of het mogelijk zal zyn om tot eene broederlijke verhouding te komen in zake het over en weer prediken van predikanten” (Notule AKV 1894:13).

In 'n skrywe van 4 Januarie 1898, dit wil sê drie jaar later, het ds H S Bosman aan die Ned Herv Kerk laat weet dat die Ned Herv of Geref Kerk geen “ ... vrijmoedigheid gevoeld heeft over en weer preeken toe te staan ... “Drie redes word vir die besluit in sy



brief aangevoer naamlik a. Omdat die Ned Herv Kerk 'n afgeskeie kerk was; b. Omdat daar in die Ned Herv Kerk leervryheid toegelaat word en die “dierbaar Kort Begrip” reeds as gevolg daarvan verander is; en c. Omdat dit die mate van verdraagsaamheid wat wel tussen die kerke bestaan het, sou versteur (Engelbrecht 1953:358).

Die Algemene Kerkvergadering van 1898 van die Ned Herv Kerk het die brief van Bosman na 'n kommissie verwys vir die formulering van 'n antwoord. Die kommissie het in 'n uitvoerige rapport op elkeen van die aantygings geantwoord maar aanbeveel dat die Algemene Kerkvergadering die saak moes laat rus en slegs leedwese uitspreek dat die verenigde kerk vergeet het om by die woord *verdraagsaamheid*, wat hulle gebruik het, ook die *daad* te voeg (kyk Rapport bl 3 aangeheg aan die Notule AKV 1898).

Tog het die verhouding tussen die twee kerke so verander dat met die Algemene Kerkvergadering van 1899 twee predikante van die verenigde kerk op Donderdag 12 Januarie by die vergadering opgedaag het: “Di Bosman en Van Broekhuizen verskyn ter vergadering en word deur de Voorzitter begroet” (Notule AKV 1899:7). Die gebeurtenis was in meer as een opsig verrassend. Minder as 'n jaar tevore was die amptelike houding van die Ned Herv of Ger Kerk afwysend teenoor die Ned Herv Kerk. Nou daag van alle mense ds H S Bosman, die groot argitek en drywer van die kerkvereniging, in die Algemene Kerkvergadering van die Ned Herv Kerk op! Uit wat getuileer is wil dit voorkom of die verwelkoming deur die voorsitter streng formeel en niks meer was nie. Dr Herman van Broekhuizen het mettertyd wel soveel vertroue by lidmate van die Ned Herv Gemeente Pretoria geniet, dat hy in 1917 as predikant beroep is en die beroep ook aangeneem het.

Terloops kan daarop gewys word dat met dieselfde Algemene Kerkvergadering 'n brief van ds P Spoelstra van die Gereformeerde Kerk ter sprake gekom het waarin allerlei onvriendelikhede teenoor die Ned Herv Kerk kwytgeraak is. Daaruit blyk dat die verhouding tussen die Ned Herv Kerk en die Gereformeerde Kerk ook nie juis hartlik was nie (kyk Rapport bl 3-8 aangeheg aan die Notule AKV 1898 en Notule 1899:14-15).

### 3. ONRUS RONDON DS C SPOELSTRA

Aangesien hierdie saak reeds elders uitvoerig hanteer is (kyk Du Bruin 1998:382-403), word hier slegs baie kortliks daarna verwys. Die Spoelstra-episode was in meer as een opsig 'n eienaardige, maar tragiese en ongelukkige episode in die geskiedenis van die Ned Herv Kerk, veral juis in die moeilike jare na die kerkvereniging. Dit was 'n persoonlike vete tussen di Goddefroy en Spoelstra wat oor 'n skynbaar uiters geringe saak begin het, maar uitgekring het tot 'n saak wat onrus in die hele Kerk veroorsaak het en ook uitgeloop het op bittere aanvalle teen die Kerk. Toe die "Commissie van advies voor het uitzenden van Ned Herv predikanten naar Transvaal" in Nederland die dienste van ds C Spoelstra van Soeterwoude bekom het om vir minstens twee jaar in die gemeente Pretoria te gaan diens verrig, was dit 'n ongelukkige keuse. Die rede was dat dit twee predikante bymekaar gebring het waarvan die karakters sodanig was dat hulle noodwendig sou bots (Gildemeester 1897:1). Die botsing het inderdaad nie lank uitgebly nie. Dit het begin in Augustus 1897 toe Goddefroy van Spoelstra 'n bedrag van £10 (=R20) wat laasgenoemde by hom geleen het, teruggevera het. Spoelstra het hom blykbaar vererg en by die terugsending van die geld het hy 'n brief aan Goddefroy gerig waarin hy beweer het dat hy veronreg is wat finansiële sake betref en hy het selfs gesuggereer dat hy hof toe sou gaan. Goddefroy wat dit as belediging en belastering beskou het, het nie op hom laat wag nie en net so skerp teruggeskryf. Baie gou het die stryd so verhewig dat selfs die kerkraad van Pretoria nie daarin kon slaag om versoening tussen die twee predikante te bewerk nie. Die gevolg was dat 'n buitengewone Algemene Kerkvergadering op 30 Maart 1898 byeengekom het waar die saak vir ses dae lank gedebatteer is.

Voor die vergadering het 'n lang stuk van Spoelstra gedien waarin hy sy griewe teen Goddefroy uiteengesit het, maar waarin hy ook skerp aanvalle op die Ned Herv Kerk geloods het. Dit het aan Goddefroy die geleentheid gegee om hom deeglik te beantwoord en ook sy antwoord voor die vergadering te lê. Die vergadering het dus hierdie twee stukke, plus al die korrespondensie in verband met die saak voor hulle gehad. Bowendien het die vergadering, veral op aandrang van Van Belkum, besluit om Spoelstra ook nog persoonlik aan te hoor. Na alles sorgvuldig oorweeg is, het die vergadering besluit:

De Vergadering, na gehoord te hebben de grieven van Ds Spoelstra en het verweerschrift van Ds Goddefroy, neemt genoegen met de uiteenzetting van het verweerschrift, ingedien door Ds Goddefroy tegen de grieven van Ds Spoelstra en besluit beide stukken te publiseren.

(Notulen AKV 1898:32)

Hieraan het die vergadering ook nog toegevoeg:

De Vergadering, aan de einde van hare zittingen gekomen zijnde, heeft behoefte de Voorsitter ditmaal niet alleen dank te zeggen voor de wijze, waarop hij hare zittingen heeft geleid, maar in de besonder wegens de trouw, waarmede hij voor de belangen der NHK in de ZAR heeft gewaakt; met de bede dat God hem nog lank spare en sterken om onze Kerk te dienen en haar ten zegen voor onzen staat te doen zijn, gelijk zij dit van de vroegste tijden geweest is.

(Notule AKV 1898:43)

Spoelstra was na die vergadering eens so bitter en hy het in 'n boekie "Van Zoeterwoude naar Pretoria" 'n heftige aanval op die Ned Herv Kerk gemaak. Hierna het hy heelwat rondgeswerf tussen Nederland en Suid-Afrika en selfs nog weer tweekeer probeer om 'n beroep na die Ned Herv gemeente Pretoria te bekom. Daarin het hy nie geslaag nie en weer terug in Nederland het hy in 1917 'n boek uitgegee onder die titel: "*Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grootten Trek Historisch Kritisch onderzocht.*" In hierdie werk, wat 'n venynige aanval op die Ned Herv Kerk en sy historiese basis was, het Spoelstra getrag om die histories-gemotiveerde aanvalle wat ds Frans Lion-Cachet in die sestigerjare en ds H L Neethling in die tagtigerjare op die Ned Herv Kerk gemaak het, wetenskaplik te motiveer. Hy het dit egter gedoen deur die historiese bronne baie selektief te bebruik en alles te ignoreer wat nie gepas het in die beeld wat hy wou skep nie. Hierdie werkmethode van Spoelstra het nogal navolging gevind by diegene wat die Ned Herv Kerk wou afmaak.

#### **4. GROEI EN VOORUITGANG.**

Hoewel die heropbou na die mislukte kerkvereniging moeilik en opdraende was en die Ned Herv Kerk lank moes worstel met die negatiewe beeld wat van die Kerk geskep is, het die Kerk teen 1899 weer op organisatoriese gebied, sowel plaaslik as sinodaal, vastigheid en orde gehad en ook bestendige groei getoon. Dit blyk ook duidelik as die sake wat op die Algemene Kerkvergadering bespreek is nagegaan word.

##### **4.1 Behoeftes aan meer predikante.**

Toe ds Goddefroy in 1887 as predikant van die kombinasie Pretoria-Middelburg-Trichardsfontein (Standerton) bevestig is, was hy die enigste predikant van die Ned Herv Kerk en was hy inderdaad alleen verantwoordelik vir 13 gemeentes met 17 kerkplekke. In 1891 het ds Jac van Belkum te Rustenburg bygekom en daarna in 1895 ds A Lagerwey te Heidelberg, ds C Spoelstra in 1896 te Pretoria, J Beyer in 1898 te Zeerust en A Murray in 1899 te Ventersdorp. Ds CW du Toit wat sedert 1883 te Potchefstroom was maar in 1885 verenig het, het in 1894 ook weer teruggekeer na die Ned Herv Kerk. Dit gee 'n totaal van sewe predikante, wat nie eers al die gemeentes van 1887 kon beman nie. Hierby moes nog getel word Venterskroon (1889), Wolmaransstad (1891), Lichtenburg (1891), Ventersdorp (1892), Chrissiesmeer (1892), Krugersdorp (1891), en Johannesburg (1895). Buitendien het die sewetal met drie verminder toe ds Spoelstra die Kerk verlaat het, ds Lagerwey oorlede is en ds J Beyer verkies het om na Europa terug te keer.

Dit was baie duidelik dat dringend meer predikante bekom moes word. Soos reeds aangetoon het die oord vanwaar hulle moes kom groot onderlinge verskille binne die Ned Herv Kerk aan die lig laat kom. In die lig van hierdie situasie is dit ook duidelik dat die besluit om 'n eie opleiding vir predikante te begin, lankal geneem moes gewees het. Dit was waarskynlik onder dié besef dat die vergadering met algemene stemme die volgende besluit geneem het:

De Eerw Algemeene Vergadering der Ned Herv Kerk de oprichting van een school voor opleiding van predikanten voor de Ned Herv Kerk in de ZAR als de levenskwesie der kerk beschouwende, draagt alle kerkeraden op met hunne gemeenten daarover te onderhandelen en hen toe te lichten dat wanneer ieder lidmaat onzer kerk gewillig is 5s per jaar bij te dragen, de Algemeene Vergadering van gevoelen is dat er dan een begin kan gemaakt worden met de

oprichting van zulk een inrichting. Het zal verder de plicht der kerkeraden zijn binnen vyf maanden verslag te doen aan de Algemene Kommissie.

(Notule AKV 1899:14)

Verder is ook besluit dat met die regering onderhandel moes word om met die oprangting van so 'n teologiese skool behulpsaam te wees. Volgens ouderlinge A D W Wolmarans en Joubert was daar 'n baie sterk moontlikheid dat die regering wel bereid sou wees om die gevraagde hulp te verleen. Dit is wel duidelik dat die vergadering 'n kweekskool in gedagte gehad het en nie 'n universiteit nie. Dit was beslis nie in lyn met die vroeëre besluite van die kerk dat sy predikante slegs aan 'n universiteit opgelei moes word nie. Ook Goddefroy wat die groot kampvegter ten gunste van universitêre opleiding was, het hom hierdie besluit laat welgeval. Die waarskynlikste verklaring vir sy aanvaarding van 'n kweekskool was dat hy geoordeel het dat 'n eie universiteit vir die ZAR nie gou sou kom nie en dat 'n kweekskool 'n kleiner kwaad was as Kaapse Predikante.

Twee maande na die Algemene Kerkvergadering het die Eerste Volksraad van die ZAR besluit dat 'n universiteit in Pretoria opgerig moes word en het dit aan die regering opgedra om aan die besluit uitvoering te gee. Dit is nie bekend watter bydrae die versoek van die kant van die Ned Herv Kerk tot die besluit van die Volksraad gemaak het nie. Dit is ook nie bekend of ouderling A D W Wolmarans, wat ook lid van die Uitvoerende Raad van die ZAR was, 'n rol gespeel het in die besluit nie. Die oorlog wat in Oktober 1899 uitbreek het, het uiteraard verhoed dat die planne ten uitvoer gebring kon word.

#### **4.2 Sending**

Ds Goddefroy het die Algemene Kerkvergadering gevra om oor die saak van sending te handel. Hy het naamlik die volgende beskrywingspunt by die Vergadering ingedien: "De Vergadering spreke hare verhouding uit en die haren Leeraren tot de Zending in de Z Afr Republiek en onder de heidenen in het algemeen" (Notule AKV 1899:7). Dit was die tweede keer dat hy so 'n versoek gerig het, want aan die Algemene Kerkvergadering van 1890 het hy ook die versoek gerig (Botha 1981:70-72). Sy motivering was:

*Die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1899*

De Voorzitter licht dit punt toe en zegt er is aanleiding om dit punt weer aan de orde te stellen, want er ligt een blaam op onze kerk, daar men beweert dat wij beslist tegen de zending zijn. In 1890 is dit voorstel ook al besproken, Laat onze kerk zich uitspreken over de vraag: Zijn wij tegen de Christianisering der heidenen of niet?

(Notule AKV 1899:7-8)

Uit die lang en indringende bespreking het dit duidelik geblyk dat die Ned Herv Kerk die opdrag tot sending erken en aanvaar het, maar dat die moontlikhede en die middele om daaraan behoorlik uitvoering te gee eenvoudig ontbreek het. Die skriba, ds J van Belkum, het dit soos volg gestel:

Mijn standpunt is de Heer heeft gezegd: Gij zult mijne getuigen zijn en predikt het Evangelie aan alle creatures. Ik moet aan dit bevel getrouw zijn. Echter heeft hij geen tyd aan de heidenen de Evangelie te verkondigen, omdat onze eigene gemeenten nog te veel zijn arbeid en zijn krachten noodig hebben. De kerk moet de zending bevorderen, maar wij kunnen het niet.

(Notule AKV 1899:8)

Nadat verskeie ander sprekers in dieselfde trant gepraat het, het die Vergadering soos volg besluit:

De Vergadering gelet hebbende op het punt der agenda thans aan de orde, gelet op de omstandigheden waarin de kerk verkeert, kan nog geen zendingwerk vanwege de kerk drijven, en verlang ook dat hare leeraren de gekleurde nasies niet dienen als zendelingen of leeraars.

(Notule AKV 1899:9)

### **4.3 Hersiening van die Kerkwet**

Voor die vergadering was ook 'n voorstel om te oorweeg " ... of de tijd niet is gekomen de kerkelijke wetten en bepalingen in overeenstemming te brengen met de zoozeer veranderde omstandigheden waarin de kerk verkeert" (Notule AKV 1899:14).

Ook oor hierdie saak was daar eenstemmigheid en is aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opdrag gegee om 'n konsep op te stel en voor die volgende Algemene Kerkvergadering vir vooraf studie te versprei. Dit was ook 'n saak wat reeds lank uitstaande was, nadat die volledige hersiening van 1888 terug gehou is met die oog op die eiendomskwessies wat toe nog hangende was (Botha 1981:64-72). Hoewel die Oorlog van 1899-1902 ook hier vertraging gebring het, kon die Kerkwet in 1904 volledig hersien word (Notule AKV 1904:27).

### **4.4 De Hervormer**

Voor die Algemene Kerkvergadering van 1898 was daar die volgende voorstel uit Witfontein: "Oprichting van een Week- of Maandblad, als orgaan van de Ned Herv Kerk in de Z Afr Republiek" (Notule AKV 1898:4). Hierdie gedagte het ongetwyfeld sy oorsprong by ds M J Goddefroy gehad en by die bespreking het hy eerste die woord geneem: "De Voorzitter zegt: alle kerken hebben hunne couranten. Het wordt tijd dat wij ook de onze krijgen" (Notule AKV 1898:5). Nadat ook ds J van Belkum, die skriba, en ouderling J van Bruggen die gedagte sterk gesteun het, is die volgende voorstel met 64 teen 14 stemme aanvaar: "De vergadering besluite eene courant op te richten, die eens of tweemaal per maand zal worden uitgegeven en dat elke afgevaardigde in staat voor vijf exemplaren gedurende twee jaar, de som van 10 sjielings per exemplaar niet te boven gaande" (Notule AKV 1898:5).

Hierna is 'n kommissie bestaande uit die ouderlinge A S Naudé, M J Pos, F W Ernst, J van Bruggen en A Röscher aangewys om so gou moontlik 'n rapport op te stel om die besluit te kan uitvoer (Notule AKV 1898:9). Daar was 'n algemene besef in die Kerk dat hierdie saak dringend ten uitvoer gebring moes word en daarom was op die Algemene Kerkvergadering van 1899 weer 'n voorstel van W A Fortijn ter tafel: "oprichten van een week- of maandblad als orgaan van de Ned Herv Kerk in de ZAR" (Notule 1899:13). Nadat die rapport van die kommissie wat die saak moes ondersoek

aangehoor is, is besluit om voorlopig van die saak af te stap omdat die vergadertyd van die Vergadering besig was om uit te loop en daar eers aan die voorstel tot oprigting van 'n skool vir predikanteopleiding aandag gegee moes word. Dit het egter nie beteken dat die saak daarmee op die lange baan geskuif is nie. Omdat daar soveel eenstemmigheid oor die saak bestaan het, is die saak na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir afhandeling verwys (Notule AKV 1899:15). Die Kommissie het nie lank getalm om daaraan aandag te gee nie, met die gevolg dat eerste uitgawe van "De Hervormer" op 15 September 1899 kon verskyn. Daarmee het 'n ou ideaal, wat reeds in 1869 geformuleer is en weer in 1880 bevestig is, in vervulling gegaan. Die Tweede Vryheidsoorlog, wat minder as 'n maand later uitbreek het, het egter meegebring dat slegs een verdere uitgawe, en wel op 15 Mei 1900 kon verskyn. Eers jare later kon weer met 'n kerkblad begin word. Die oorlog het nie net die uitgee van "Die Hervormer" laat misluk nie, maar het feitlik in alle gemeentes van die Ned Herv Kerk, die georganiseerde kerklike lewe feitlik tot stilstand laat kom.

## **5. DIE NADERENDE OORLOG**

Wat eienaardig is van die beeld van die Ned Herv Kerk in 1899, is dat daar so 'n absolute swye was ten opsigte van die naderende oorlog met Brittanje, in elk geval op sinodale vlak. Dat Brittanje oorlog gesoek het was sedert die Jameson-inval teen die einde van 1895 baie duidelik. Dit was toe reeds duidelik dat dit nie meer 'n vraag was óf oorlog sou kom nie, maar alleen wanneer. Tog is daar nie op een van die Algemene Kerkvergaderings of in enige van die amptelike stukke op sinodale vlak enige aanduiding te vinde van 'n naderende oorlog nie. Dit is absoluut vreemd in die lig van die feit dat die Ned Herv Kerk nog deurgaans so nou aan die volk verbind was dat die geskiedenis van kerk en volk dikwels ineengevleg was. Trouens so nou was kerk en volk aan mekaar verbind dat die georganiseerde kerklike lewe feitlik tot stilstand gekom het solank die oorlog geduur het. Die gevolg was dat die Ned Herv Kerk deur die oorlog net so verarm geraak het as wat met die volk gedurende en as gevolg van die oolog gebeur het. Wat op plaaslike vlak gebeur het, is uiters moeilik vasstelbaar. Dit kan moeilik aanvaar word dat predikante soos di Goddefroy en Van Belkum, gesien hulle rol in die oorlog self, nie in die prediking en veral ook met huisboek oor die saak sou gehandel het en lidmate sou



probeer toerus het vir die verantwoordelikhede wat op hulle gewag het nie. Hierdie totale swye oor die oorlog kon beslis nie per abuis of toevallig gewees het nie. Dit moes doelbewus weggelaat gewees het. Wat die rede daarvoor was, is nie so voor die hand liggend nie. 'n Moontlike verklaring is dat dit as politiek beskou is waarvan die Kerk hom moes weghou! Dit het in 'n ander verband wel duidelik geblyk dat daar in die Algemene Kerkvergadering nogal gevoeligheid was ten opsigte van die saak van politiek. In die debat op die Algemene Kerkvergadering van 1899 het A D W Wolmarans onder andere verklaar: "... Ik weet dat in ons land kerk en politiek dikwijls samengaan. Maar wij moeten ons buiten de politiek houden. ..."

Nadat die oorlog reeds 'n paar maande lank aan die gang was, het die Transvaalse en Vrystaatse kerke in 'n gesamentlike dokument 'n beroep op "de verschillende Christelijke kerken in Groot Brittanje en Ierland" gemaak om druk op die Britse regering uit te oefen om die oorlog tot 'n eindé te laat kom. Namens die Ned Herv Kerk het ds Goddefroy as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering en ds Van Belkum as skriba, geteken. In die brief is onder andere die volgende gesê:

Met diepe smart en schaamte achten ondergeteekenden, vertegenwoordigene verschillende Christelijke Kerken in de beide Republieken van Zuid-Afrika, zich geroepen hun stemte laten hooren in dagen van oorlog en ellende. Wij richten ons allereers tot U, die met ons éénselvdie dierbaar geloof deelagtig zijt; ofschoon ook tot allen in 't algemeen, die de gruwelen van de oorlog haten en de waarheid en de vreden liefhebben. ...

Gij weet Broeders en Zusters! In welk een verschrikkelijken oorlog wij zijn gewikkeld; nu reeds bijna twee honderd dagen lang, zitten wij in al de ellende van een broederoorlog : immers van Christenen tegen Christenen; van Protestanten tegen Protestanten! Niemand ken de vreeselijke verwoestingen van den oorlog, dan die ze mede doorleefd: niemand kan haar beschrijven. Ach, de stem van het onschuldige bloed klimt elken dag hooger op na den hemel! Het geschrei van duizenden weduwen en weezen wordt met den dag hartverscheurender! ...

Schrijt het niet ten hemel! Mag de kerk des Heeren dit langer lijdelijk aanzien?  
Zijn wij niet verplicht onze stem ten ernstigste daartegen te verheffen? ...

(De Hervormer 1900:!) )

Die verskriklike verskroeiende aarde beleid en die konsentrasiekampe wat daarna deur die Britte gevoer is, was klaarblyklik al antwoord op die hartstogtelike pleidooie vanuit die Afrikaanse kerke.

## 6. TEN SLOTTE

As vandag terug gekyk word na die beeld van die worstelende maar tog ook hoopvolle klein kerkie van 'n eeu gelede, dan is dit tot ons beskaming. Ondanks hulle klein getal en hulle benouende omstandighede het hulle in die geloof die fundamente gelê waarop bouwerk gedoen is waarna ons met dankbaarheid kan terugkyk. Onder baie moeilike omstandighede is die fundamente gelê waarop vir die volgende eeu voortgebou kon word. Selfs nie daardie verwoestende oorlog, wat die lede van die Ned Herv Kerk tot die bedelstaf toe verarm het, kon die fundamente verwoes en verhoed dat die taak van heropbou na die oorlog voortgesit word nie. Die Ned Herv Kerk het 'n eie opleiding vir sy predikante gekry en vandag is predikante selfs oorvoorsien. Ondanks die beskeidenheid daarvan, het die Kerk se sendingwerk tog 'n selfstandige kerk tot gevolg gehad. Kerkordelik was daar groot ontwikkeling oor die afgelope eeu. Die Hervormer se eeufees kon reeds dankbaar gevier word.

Inderdaad verkeer die Ned Herv Kerk vandag weer saam met die Afrikanervolk in uiters benouende omstandighede. Hoe lyk die beeld wat ons vandag vertoon? Is dit 'n beeld van troostelose mismoedigheid of blymoedige geloof?

## Literatuurverwysings

- Botes, H J 1995. *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Gemeente Johannesburg 1895-1995*. Pretoria: Kital.
- Botha, S J 1961. Ontleding van die kerksaak van Trichardtsfontein. *HTS* 17(1), 1-18.
- [1979]. Die kerkregtelike posisie van die Prokurasiekommissie in die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. *HTS* 25(2), 106-131.

- Botha, S J 1981. *Ds Marie Joseph Goddfroy 1848-1920 sy lewe en betekenis*. Pretoria: HAUM.
- 1991. *Nederduitsch Hervormde Kerk Lichtenburg 1891-1991*. Pretoria: Promedia.
- 1992. *Nederduitsch Hervormde Kerk Ventersdorp 1892-1992*. Pretoria: Promedia.
- 1995. Die 'vereniging' van die gemeentes onder leiding van die prokurasiekommissie met die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1894. *HTS* 51(4), 1150-1168.
- De Hervormer 15 Mei 1900.
- Du Bruyn, C J en Botha, S J 1998. Ds C Spoelstra en die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS* 54(1&2), 382-403.
- Engelbrecht, S P 1953. *Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Kaapstad-Pretoria: HAUM-J H de Bussy.
- 1955. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria*.
- Gildemeester, F van Geel 1897. Brief aan ds M J Goddfroy 2 November 1897.
- Koekemoer, J J C 1992. *Nederduitsch Hervormde Kerk Wolmaransstad 1892-1992*. Pretoria: Promedia.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1888. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- 1890. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- 1894. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- 1898. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- 1904. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- Papp, Kalman 1991. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*. Johannesburg: Allan en genote.
- Pretorius, S P 1986. Die kerkvereniging: Sy aanloop en mislukking. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Wolmarans, A D W s a. *Kerkhistoriese Feiten*. Pretoria-Amsterdam: J H de Bussy.
- s a. *Kerkhistoriese Feiten, II*. Pretoria:Wallachs